The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

DIE BURGER OOS KAAP 2016/09/30 Page: 6

AVE: 8457.29 (ZAR)

VOERTUIGIE DEUR WIND OMGEDOP

# Geluk by ongeluk vir sontjor-span

Odette Parfitt

Om Suid-Afrika uit die sitplek van die Sirius X25-sonkragmotor te verken, is 'n voorreg wat opoffering en moed geverg het. Boonop moes sommige deelnemers hul dieet aanpas om gewig te verloor.

So sê Estienne Janse van Rensburg (23), 'n lid van die span van die Noordwes-Universiteit (NWU) in Potchefstroom wat met dié motor in die Sasol-sonkraguitdaging ry, voor 'n winderige wegspring in Port Elizabeth.

Dié span was in dié stadium in die vierde plek.

"Omdat die motor 182 kg weeg, moet ons die gewig wat ons byvoeg, so laag moontlik hou," sê Janse van Rensburg, 'n vierdejaarstudent in elektriese ingenieurswese. "Elkeen van die vyf bestuurders mag nie minder as 80 kg weeg nie, maar ook nie méér nie. Ek moes 'n bietjie gewig verloor sodat ek kon bestuur."

Vir hom was die dieet byna vergeefs. "Ons moes verskeie toetse slaag om vir die wedren te kwalifiseer, en met een van dié rondes het ek op die laaste draai gevoel hoe die wind die motor optel. Toe ek weer sien, lê ek onderstebo.

"Ek het gelukkig niks oorgekom nie, maar toe ek deur die lug trek en dink ons pad na die kompetisie het tot 'n einde gekom, was ek baie ontsteld omdat ek verniet minder moes eet," skerts hy.

Eintlik was dié ongeluk 'n seëning, sê hy. "Dis natuurlik lekkerder om te ry as die wind nie waai nie, maar dit is die afgelope paar dae nogal sterk. Gelukkig het ons episode ons hierop voorberei."



Die Sirius X25-sonkragmotor van die NWU-span. Die bestuurder moet sy storie ken om die gevaarte op die pad te hou as die wind waai. Hy is reeds in 'n toetsronde deur sterk wind omgedop.

Foto: WERNER HILLS

Vir sommige spanne was die wind egter nie die enigste uitdaging nie. Die span van die Universiteit van Lodz in Pole is reeds een van hul drie bestuurders kwyt weens laringitis en moes boonop van vooraf leer bestuur. "Ons motor is ontwerp vir Europese paaie met die stuurwiel aan die linkerkant," sê Katarzyna Zielinska (21), een van die spanlede wat dié motor ontwerp het.

"Ons bestuurders moes gou gewoond raak daaraan om aan die linkerkant van die pad te ry."

Om 'n sontjor op die pad te hou, verg versigtige beplanning. Langs haar word hul motor, Eagle One, verskuif, en sy tree weg om haar afstand te behou. "Ons wil nie ons skaduwee oor die sonpanele gooi nie. Elke bietjie sonkrag help, want ons wil nie tyd verloor om stil te hou om te herlaai nie."

Wanneer dit wel gedoen moet word, kry hulle darem 'n kans om die land se natuurskoon te waardeer. "Vir baie van ons is dit dalk die enigste kans wat ons het om hierheen te reis. Toe ons een keer op 'n bergpad moes stilhou om sonlig te absorbeer en te herlaai, het ons die perfekte uitsig gehad.

"Ons het ook dadelik na die see gehardloop toe ons in Port Elizabeth stilhou, maar dis baie kouer as wat ons verwag het."

Die spanne ry vandag van Port Elizabeth na Humansdorp, waarna hulle op Sedgefield sal oornag.